

Sing vooraf: Psalm 78:22 (p. 395)

- 22 Hul het 'n prooi van wandswaard geword, / die HEER se toorn is oor hul uitgestort.
Hul jongmanne 't die oorlogsvuur verteer, / hul maagde is deur bruidslid nie geëer.
Selfs priesterbloed verf deur die mantel heen, / en by hul graf – geen weduwees wat ween.

Skrifberyming 7-2:2 (nuut)

- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 45:1, 9 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 9 O dogter, wat die bruidroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 19:3 (p. 83)

- 3 Hy 't in die wonderbou / van eewige hemelblou / die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom / met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld / van hoë hemeltrane,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor / wat blink van gloed en glanse.

Skriflesing: Matteus 19

Teks: Matteus 19:8; Kategismus Sondag 41

Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie. (Matteus 19:8 AFR1953)

Die saak van egskeding en huweliksonvrede is een van die kenmerke van die moderne tyd – volgens statistiek is dit veral ook 'n probleem van ons land.

- Ons gemeente is ook nie hiervan gevrywaar nie.
- *Weens die hardheid van julle harte* – daarom kom daar “allerhande redes” waaroor mense wil skei.

Wat het die Here alles in gedagte as Hy sê dat ons nie mag egbreek nie?

- Die maklikste deel van die antwoord is sekerlik dat die Here van ons verwag om ons huwelike heel te hou.
- Maar die saak is gewoonlik nie heeltemal so eenvoudig nie – dit is gewoonlik baie meer gekompliseerd as dit, omdat die aanslag op die huwelik nooit enkelvoudig is nie.

Kom ons kyk net weer na die instelling van die huwelik. Die Here skape Eva en bring haar na Adam toe.

- Die feit dat God net een vrou maak vir Adam, word deur ons as 'n beginsel aanvaar dat die Here dit daarmee duidelik stel dat Hy nie wil hê dat 'n man meer as een vrou moet hê nie.
- Dit is waarna die Here Jesus verwys in vers 4:

En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees;
(Matteus 19:4-5 AFR1953)

Maar die Here het meer as dit in gedagte gehad met die huwelik.

- Ons weet uit ander gedeeltes uit die Bybel dat die Here die huwelik ook gebruik om die verhouding tussen Hom en sy kerk te simboliseer.
- So leer die Here byvoorbeeld dat die hiernamaals begin met 'n bruilof.
 - In hierdie besondere bruilof is die Here Jesus die Bruidegom en die kerk die bruid.

Dink hier ook aan die talle kere in die Ou Testament waar die Here die Jode verwyt het dat hulle van Hom af weggehoereer het. *Al wat daar gebeur het, was net dat hulle godsdienste verflou het, of dat 'n groot deel van hulle goddeloos geraak het.*

Die Here maak twee dinge hieruit duidelik:

- Die een is dat die Here enige omgang wat ons met die duiwel het, as geestelike hoerery bestempel.
- Die ander een is dat die Here dit as 'n verbreking van ons verhouding met Hom sien.

Die Here het dus iets van die verhouding tussen ons en Hom in die huwelik vasgevat.

- Daarom beskou die Here die huwelik as ewig en as bindend.
 - Die ewigheid in die huwelik kom daarin uit dat die man en die vrou nie mag skei nie.
 - Die gebondenheid in die huwelik is omdat die huwelik deur God voltrek word, en God is nie veranderlik nie.
- Die Here verbind nie vandag 'n man en vrou en môre is Hy ontevrede met hierdie verbintenis en maak Hy dit tot niet nie.

Daarom kon Jesus vir die Jode sê dat dit nie van die begin af so was dat man en vrou kon skei nie.

Ons moet egter ook dink oor wat die Jood wat die vraag gevra het, bedoel het met die woorde: "allerhande dinge".

- Hierdie man het baie duidelik in gedagte gehad dat daar tog redes is wat tussen 'n man en sy vrou gebeur, wat uiteindelik hierdie huwelik onmoontlik maak.

Die Here self maak ook voorsiening daarvoor dat daar dinge kan gebeur wat verhoudinge kan vertroebel – maar dit beteken nie dat dit op 'n egskeding mag uitloop nie.

- Daarom skryf die Here dat die man nie teen sy vrou verbitterd mag raak nie en skryf Hy ook verder dat die vrou aan haar eie man onderdanig moet wees.

Daar het dus baie duidelik deur die sonde sekere dinge eie geword aan ons.

- Die dinge wat die Here self noem, is basies huweliksrusies, wat later oorsit in diep emosionele belewenisse wat lelke kwaad kan doen.
- As die man nie teen sy vrou verbitterd mag word nie en die vrou ook aan haar EIE man onderdanig moet wees, toon die Here hiermee baie duidelik aan dat die twee vertrou in mekaar verloor het.
- Wantroue veroorsaak hierdie optrede.

Nogtans beskou God dit as geen rede tot egskeiding nie.

- Maar let daarop dat die verbod op egskeiding ook hierdie tipe optrede verbied.
- Die Here verwag bekering – alle mense moet hulle bekeer van dinge wat hulle verkeerd doen.
- So moet 'n man en sy vrou ('n vrou en haar man) hulle ook van hulle sondes bekeer.
- Dan sal daar nie meer dinge wees wat onvrede veroorsaak nie.

Dit help nie om ewe vroom te wil sê dat jy nie sal skei nie,

- maar intussen sondig man en vrou deur in haat saam te lewe, of in voortdurende onvrede.
- Die Here het 'n baie duidelike opdrag dat ons ook die wortel van die kwaad moet vermy.

Mens kan nooit die gebooi van die Here van mekaar af losmaak asof elkeen van hulle op sy eie oortree kan word nie.

- Saam met die verbod op egskeiding moet ook die *liefdesgebod* en ook die *gebod van gehoorsaamheid aan God* gelees word.
- In sekere gevalle ook die saak van *valse getuienis* en altyd die beskerming van jou naaste se goedere en eer.
- Die *gesagsgebod* kom ook in gedrang.

Hierdie gebod van God om die huwelik heel te hou is dus baie ernstig.

- Beveg liefdeloosheid en ongeloof en selfsugtigheid want hierdie dinge gee in baie gevalle aanleiding tot onkuisheid.
- Jy kan nie jou huwelik wil heilig hou op die laaste paar treë, maar jou hele huwelikspad loop jy en dorings saai nie.

Die Here stel 'n baie hoë premie op die huwelik.

- *Hy het dit self ingestel. Hy het dit self heilig verklaar.*
- *Hy het die geleentheid van 'n bruilof gekies om sy eerste wonderwerk te doen.*
- *Hy begin ook die hiernamaals met 'n bruilof.*

Weet daarom dat as jy skade doen aan jou huwelik, God jou geweldig gaan straf.

- God sal nie een wees met wie jy kan baklei en verwyt soos jy met jou huweliksmat doen nie.
- Hy gaan jou bloot in die lig van sy regverdigheid veroordeel vir jou aandeel in die skending van die hoogste en heiligste instelling wat Hy aan die mens gegee het.

Die oplossing is eintlik baie eenvoudig. Erken God se werk.

- Moet daarom nie staan en ingryp in jou huwelik asof jy die insteller daarvan is nie.
- Bid eerder vir lig dat die Heilige Gees jou krag en insig gee om die ordes wat God ingestel het, nie te verbreek of te versteur nie.

Onthou net dit: as God waarlik jou liggaam en jou siel beheers, en as jy werklik die seën van Christus se verlossing vir jouself toeëien, sal dit in jou huwelik uitkom.

- Wees daarom op so 'n manier getroud dat die Heilige Gees jou huwelik beheers.
- Dan is jy getrou tot eer van God en tot seën vir jouself.

Kom ons lees saam wat ons belydenis van die dinge leer in Kategismus Sondag 41:

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: *Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).*

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: *Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons al twee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuisde dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).*

(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

- 3 O, luister na My as Ek roep – / dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor / dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd / gee Ek die lewensvolle spys,
die altyd-nuwe vrugte van / die keurboom in Gods paradys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 31 Augustus 2008

Opsomming

Die Here stel 'n baie hoë premie op die huwelik. Hy het dit self ingestel. Hy het dit self heilig verklaar. Ons weet uit die Bybel dat die Here die huwelik ook gebruik om die verhouding tussen Hom en sy kerk te simboliseer – daarom begin Hy ook die hiernamaals met 'n bruilof.